# RESENSIES / REVIEWS

VAN WYK, J.H. 1991. Moraliteit en verantwoordelikheid:
Opstelle oor politieke etiek.
Potchefstroom : PU vir CHO (Dept. Sentrale Publikasies). 425 bll. Prys: R22,00.

Resensent: P.J. de Bruyn (Dept. Dogmatologie en Ekklesiologie, TSP/PU vir CHO)

Prof. J.H. (Amie) van Wyk het in Suid-Afrika bekend geword as 'n teoloog wat besondere belangstelling in die politieke etiek het. Oor 'n periode van etlike jare het het hy verskeie wetenskaplike artikels daaroor gepubliseer. Hierdie artikels, tesame met enkele ander wat nie spesifiek oor die politiek handel nie, is nou saamgebundel en gepubliseer in 'n netjies afgewerkte boek met bogenoemde titel.

Die boek is in die volgende vyf afdelings ingedeel:

1. *Moraliteit en verantwoordelikheid* waarin die begrip *verantwoordelikheid* in etiese konteks (1), direktiewe by morele keuses (17) en die etiek van Karl Barth (38) behandel word.

2. *Moraliteit en rewolusie.* Die politieke dimensie in die romankuns van André P. Brink (62), die Kairos-dokument (77), kerk, teologie en geweld (87), burgerlike ongehoorsaamheid (109) en die Feministiese Teologie (128) kom hier aan die orde.

3. *Moraliteit en oorlog.* Hierin word aandag gegee aan die Skrifberoep ten opsigte van die oorlogsvraagstuk (143), kernkrag en kernwapens (157), militêre diensplig en dienspligweiering (177), kerk en kapelaan (181) en kerk en oorlog (181).

4. *Moraliteit, staat en kerk.* Hierdie afdeling is die omvangrykste deel van die boek. Sake waarop hier gefokus word, is onder andere kerk en politiek (205), 'n kritiese beoordeling van die begrip *Christelik-nasionaal* (245), etiek en menseregte (253), doodstraf (267), kenosis en politiek (298), 'n Christelike benadering tot die politiek (305), die prediking en tussenmenslike verhoudings (323) en die kerklike getuienis in 'n polities-gesekulariseerde Suid-Afrika (403).

5. *Moraliteit en eskatologie* waarin Bybelse en *New Age*-toekomsverwagtings (403)

ondersoek word.

Al bogenoemde onderwerpe wat tans in Suid-Afrika baie aktueel is, word in goeie, wetenskaplike en weldeurdagte opstelle behandel.

Uit die meeste opstelle is dit duidelik dat die skrywer enersyds 'n sterk vaderlandsliefde het en - juis dáárom - andersyds krities staan teenoor die politieke situasie in Suid-Afrika. Sy kritiek is egter gegrond op die Woord van God en op die belydenis van die Gereformeerde Kerke en word baie wetenskaplik gehanteer. Daarom is dit nie net wenslik nie maar ook noodsaaklik dat daarna geluister *moet* word - veral onder die huidige omstandighede.

Wat moontlik as 'n probleem beskou kan word, is dat - soos die skrywer self in sy voorwoord vermeld - daar in die verskillende opstelle 'n herhaling en oorvleueling is, byvoorbeeld beskouings oor verset teen die owerheid (passivisme en pasifisme), argumente by beredenering, beoordeling soos Calvyn se gebruik of misbruik van Daniël 3 en Handelinge 4:19 en 5:29, ensovoorts. Dit is egter nie 'n wesentlike probleem nie omdat dit telkens vanuit 'n ander hoek besien word. Daarby kan hierdie gedeeltes ook weer nie weggelaat of verkort word nie, want dan sal die betrokke opstelle tot 'n mate hulle oortuigingskrag inboet.

Ek kan die lees en bestudering van hierdie boek baie sterk aanbeveel.

VAN DER WATT, J.G. 1990. Here, nou verstaan ek U beter.
**Na aanleiding van beelde in die Johannesevangelie.**
Pretoria : Orion. 55 p. Prys: R19,95.

**Resensent:** Flip Buys (Gereformeerde Kerk, Potchefstroom-Noord)

In hierdie boek behandel die skrywer 'n aantal beelde in die evangelie van Johannes om "iets van God se wonderlike boodskap wat deur Johannes (se teologie) aan ons oorgelewer is, met elke leser te deel". Die skrywer is van mening dat Johannes dikwels dinge nie direk gesê het nie, maar gepreek het deur beelde te gebruik of 'n storie te vertel. Hy wil byvoorbeeld die boodskap bring dat Jesus almagtig is en vertel dan 'n storie. "As jy die storie klaar gelees het, besef jy: Jesus *is* almagtig, sonder dat Johannes dit eintlik direk gesê het. Jy besef ook dat die spreekwoord waar is: Een beeld is 'n duisend woorde." Voor die geheimenis van God "maak baie woorde 'n mens

deurmekaar, maar 'n eenvoudige beeld help 'n mens om te verstaan" en "is soos 'n vergrootglas - God se vergrootglas! Daardeur kan ons 'meer' van God en 'meer' van Hom verstaan".

Daar is hoofstukke oor beelde wat verduidelik wie Jesus regtig is, beelde wat Johannes gebruik om te verduidelik hoe Jesus God kom openbaar het, beelde oor wat die redding van Jesus regtig inhou, beelde oor hoe die Christen as nuwe mens in 'n ou wêreld kan en moet leef en beelde oor God se sorg nou en in die toekoms.

Die boek is in 'n eenvoudige populêre styl geskryf maar getuig tog van grondige wetenskaplike eksegetiese voorbereiding. Dit is 'n waardevolle hulp vir die voorbereiding van preke of Bybelstudie of kategese. Indien daar ook 'n indeks met bladsyverwysings aangeheg sou gewees het, sou dit die bruikbaarheid verhoog het.

Een kritiese vraag aan die skrywer is of hy nie te maklik praat van "Johannes se teologie" en "Johannes se beelde" nie, veral omdat Johannes baie van die beelde as uitsprake van Jesus self verkondig.

Origens beveel ek die lees van die boek sterk aan.